Seisoen van Luister

Luister nuut na God, mekaar en die wêreld

Bybel-Media en die Taakspan vir die Seisoen van Luister het 'n vennootskap gevorm om gestalte aan hierdie verbeeldingryke projek te gee. Drie publikasies het reeds verskyn onder die titels *God praat – leef luisterryk: Vir groepe* en *God praat – leef luisterryk: Vir begeleiers* en *God praat – leef luisterryk: Vir vergaderings.* Laasgenoemde is deur dr Frederick Marais geskryf. Dié gespreksboeke vir groepe is 'n hulpmiddel vir mense om na God en na mekaar te luister. Die *metodiek* van 'n *luistersiklus* word gebruik.

In samewerking met die Seisoen van Luister gee Bybel-Media verskeie publikasies en produkte uit wat die oogmerke van die Seisoen ondersteun.

Die boek, *God praat – leef luisterryk: Vir vergaderings,* gaan leiers help om beter te luister. Hulle gaan ontdek dat die sleur om 'n agenda deur te werk, verander in die opwinding van 'n byeenkoms voor God se aangesig 'n skuif van demokrasie na geloofsonderskeiding, van besluite na geloofsoortuigings.

Dr Nelus Niemandt skryf in sy voorwoord tot hierdie boek: "Miskien is Len Sweet in die kol as hy sê ons het ons ore meer as ons oë nodig. Al was visie in die 20ste eeu die belangrikste woord in leierskap en bestuurswetenskap, het dit nie juis 'n veel beter wêreld die lig laat sien nie. Leierskap, sê hy, het baie meer met *hoor* as met *sien* te doen. Dit gaan oor die leier wat vir die span sê: *Ek hoor julle.* Dit is die drie belangrikste woorde wat enige span van hulle leier kan hoor."

Winston Churchill – iemand wat die tekens van die tyd so goed kon lees – het by geleentheid gesê die groot invloede van die toekoms gaan die invloede van die verbeelding wees. Verbeeldingspraktisyns is die skeppers van 'n nuwe kultuur. Daarom het ons verbeelding meer as ooit nodig. Dit is net asof kerke die wêreld oor ietwat lamgelê is deur 'n winter van die gees, 'n soort stilte waaruit weinig kreatiewe klanke ontsnap. 'n Mens kan gaan soek na tekens van lente en nuwe lewe, maar oraloor sien jy dieselfde voorspelbare soort aanbidding, dieselfde gewoontes, dieselfde draaiboek met byna vervelige futloosheid opgevoer - so asof alles wag op nuwe verbeeldingryke deurbrake. Die probleem met ver*beeld*ding is egter dat ons dalk net te maklik die taal van *beelde* begin praat het. Elke gemeente "*verbeel*" hom hy het die regte visie of beeld. Elkeen *sien* die groot dinge raak wat moet gebeur. Die winter in kerke het beslis nie te doen met gebrek aan beelde of 'n visie nie.

"Danklaas het ek 'n boek so geniet soos hierdie een. Wie sou nou kon dink dat 'n vergadering 'n geestelike hoogtepunt kan wees waar jy regtig God se stem kan hoor en waar die Heilge Gees jou op 'n pad vat agter Hom aan? Die boek maak mens sommer opgewonde om die verskillende stasies van die luistersiklus in vergaderings te gebruik.

"Vergaderings raak dan ontdekkingstogte van God se goedheid, van sy plan met die wêreld, van sy plan met die kerk, van sy plan met ons elkeen. Maar dit kan net gebeur as ons begin luister, regtig begin luister, na God, die Woord en mekaar. Net so sê die boek."

Ds Jackie van Rensburg, NG Gemeente Potchefstroom-Die Bult.

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Deeloproepe: **0860 231 231**
0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA
E-aankope: **www.bybelmedia.co.za**

BM BYBEL-MEDIA
Vennoot in geloof en bediening